Doppertjie

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Strand

No. 34/2021 05 September

Sing	: Lied 525:1,3
	SB 8-3:1
Votum	
Seën	
Lofsang	: Psalm 93:1,5 (2001)
Gebed	
God se wil	: Eksodus 20
Sing	: Lied 232:1,2

Skriflesing & Prediking

Teks	: Daniël 3:14-29
Gebed	
Geloofsbelydenis	; HK Sondag 1, v/a 1
Sing	:Psalm 118:1,6,8 (2001)
Wegstuurseën	

KERKINLIGTING

Predikant	Dinant Zwemstra	dinant@gkstrand.co.za	083 601 8986
Kantoor	Ian Strauss	admin@gkstrand.co.za	021 854 4584
Kantoorure	Maandag-Donderdag	08:00 – 13:00	
Webwerf	Karin Versteegh/Chris Joubert	www.gkstrand.co.za	Wagwoord:GKStrand
Facebook	www.facebook.com/groups/strandgk	**Eredienste op Internet:**	
Eredienstye	09:00 (oggend-somer) 18:30 (aand)	http://kerkdienstgemist.nl	
	09:30 (oggend-winter) 18:30 (aand)		
Skriba	Ian Strauss	admin@gkstrand.co.za	021 854 4584
Redakteur	Thys Ebersohn	doppertjie@gkstrand.co.za	081 784 1904
Diakonie	Danie Olivier	diakonie@gkstrand.co.za	082 588 0770

KERKRAAD AAN DIENS

Vandag	**12 September**
Ouderlinge	**Ouderlinge**
Willem Reyneke	Martin Kruger
Diakens	**Diakens**
Lourens Erasmus, Nicolene van der Walt	Ian Strauss, Nic Linde

DAGBOEK

Sondag, 05 September

09:30 Kerkdiens in kerkgebou

YouTube en Kerkdienstgemist.

Woensdag, 08 September

09:00 Bybelstudie

19:00 Oordenking

op YouTube en Kerkdienstgemist

OFFERGAWES

Vandag
Diens: Sending & Evangelisasie
Deure: Teologiese Studentekas

12 September
Diens: Barmhartigheidsdiens
Deure: Sending & Evangelisasie

EREDIENS BESPREKING

Ons internet skakel om te bespreek vir die eredienste het verander, en lyk nou ietwat anders. Die skakel gaan 'n bladsy oopmaak wat dan genommer is van 1-50 (ons huidige toelaatbare getal). Vul dan net jou naam en/of van in 'n oop spasie in, en op hierdie manier kan jy maklik, enige tyd en enige plek sien of daar nog plek beskikbaar is.

Indien jul 'n gesin is wat kom, vul asseb dan soveel spasies in as wat jul mense in, anders raak die getalle deurmekaar. Die blok in oranje is die persone wat standaard 'n erediens bywoon, dus gebruik ons die blou blok om te bespreek.

https://docs.google.com/spreadsheets/d/1Yb6EHafSeDKSlVGKbwDVdA20PhAtXgmZfjrSFssxYak/edit?usp=sharing

Indien iemand sukkel om te registreer, skakel asseblief die kerkkantoor.

PREEKSKETS

Die Man in die oond

Teks: Daniël 3:14-29

Die boek Daniël is 'n baie relevante boek. Die Israeliete het vir eeue in 'n land gebly waar die kultuur en die instellings van die land, gerig was op hul geloof in God. Hulle was nie altyd so getrou nie, maar dan was daar profete wat hulle aangepraat het, en herinner het. Hulle het nie altyd geluister nie, maar daar was tog 'n algemene bewussyn van God.

Met die boek Daniël is Israel nie meer in Israel nie. Hulle bly nou in 'n land waar die kultuur, die regering, die media, die skole, die kunste alles gerig was op iets anders. Hulle is skielik in 'n pluralistiese samelewing - dit beteken daar was baie godsdienste, en hulle godsdiens was nie gesien as die eintlike godsdiens nie.

Die Babiloniërs het geglo daar is baie gode, baie maniere van leef, baie moraliteite en hulle is almal ewe geldig. Die gevolg daarvan is natuurlik spanning, want as jy glo dat die Bybelse God die enigste en ware God is, dan gaan so gemeenskap vir jou frons! Hulle gaan vir jou sê: "nee nee nee, daar is baie geldige gode, en jy kan nie sê joune is beter as iemand anders s'n nie." Ons lewe vandag in presies dieselfde omstandighede. Dit skep spanning, want die Christene maak die wêreld benoud, en die wêreld maak die Christene benoud. Hoe leef ons in so samelewing? Dis die vraag wat ons in Daniël kry. Twee sake dan vandag: Die een belangrike saak is die saak van Godsdiens verdraagsaamheid. In ons wêreld sal mense sê: "Die probleem wat ons met Christenskap het, is dat daar so baie ander godsdienste is, hoe kan julle sê dat julle die ware een het? Dis mos arrogant en onverdraagsaam!"

Die tweede saak is die probleem rondom boosheid en lyding. In ons wêreld sal mense sê: "Ek het 'n probleem met Christenskap want daar is soveel ongeregtigheid en boosheid, soveel lyding en onderdrukking. As julle in 'n Almagtige liefdevolle God glo, hoe kan dit dan wees? Ongeregtigheid kanselleer die hele idee van 'n Almagtige liefdevolle God." Kom ons gaan kyk wat ons uit Daniël kan leer hieroor. Ons kyk eers na die **goue beeld** en hoe dit ons probleem van verdraagsaamheid aanspreek, en dan kyk ons na die **brandende oond** en hoe dit ons probleem van onregverdige lyding aanspreek.

KUIER-BY-MEKAAR

Liewe gemeente

Nadat die gebedsweek so geseënd was, het ons gedink om hierdie aflos-stokkie idee verder te vat.
Soos u weet, wil ons graag 'n kuier-aksie van stapel stuur om ons gemeente se mense weer bymekaar uit te bring.
Covid het veroorsaak dat baie mense geisoleer voel, of sommer net ander gemeentelede mis. Ons het ook baie nuwe gemeentelede wat dalk nog nie Strand-gemeente se gasvryheid en liefde kon ervaar nie.
Ons het gedink dit sal goed werk as almal wat geroepe voel, 'n persoon of gesin sal nooi vir 'n besoek, of dalk 'n besoek gaan aflê by iemand.
Dit kan in die vorm van 'n koffie-, tee- of ete-uitnodiging wees, en hoef dus nie iets groot te wees nie. Indien julle nie gemaklik voel om in hierdie tyd mense in jul huise te ontvang of by mense te gaan kuier nie, maak dan 'n plan om iewers buite te ontmoet. Wees kreatief!!
Daarna word die aflos-stokkie dan aangegee na die genooides, wat weer op hulle beurt iemand kan nooi of gaan besoek.
Verder is dit belangrik dat jy na iemand uitreik wat jy nog nie goed ken, of dalk nog glad nie ken nie.

Indien jy graag wil help dat ons hierdie projek aan die gang kan kry, kontak asb vir Sanet by 082 381 8854.

UIT DIE BEEK

"Nie 'n tree nie, Here, nie een enkele tree gee ek in hierdie nuwe onbekendheid as U nie by my is nie." Vanjaar verskyn Uit die Beek weer uit die pen van die bekroonde skrywer Barend Vos. Soos altyd word daar gepoog om die Bybel op 'n verantwoordelike manier te lees. Dit maak hierdie geliefde Bybelse dagboek soos altyd geskik vir persoonlike stiltetyd, huisgodsdiens en Bybelstudiegroepe.
Skryf asseblief jou naam op die lys in die saal se ingangsportaal as jy belang stel in hierdie boek teen R225 elk.

VERJAARSDAE

Dinsdag, 07 September
Betsie Marais
082 563 2179

Woensdag, 08 September
Anika van Wyk
082 53 9348

Vrydag, 10 September
Joachim Spiller
082 801 3265

Lize Kuperus
082 337 3564

Johan Jansen van Ryssen
082 774 8873

Mauritz Swart
081 322 1996

Ons wens almal die seën van die Here toe op die nuwe lewensjaar.
Veels geluk!

RICHTERSVELD UITREIK (2-9 OKTOBER)

Weens verskeie redes moes ons die uitreik se datum skuif. Dit is nou DV 2-9 Oktober (skoolvakansie). Dit is 'n ideale geleentheid vir ons Hoërskool kinders om die wonder te ervaar om die Evangelie te deel met ander mense. Die omgewing waarnatoe ons gaan is Kuboes in die Richtersveld.

Dis hier:
https://maps.app.goo.gl/soUzwDzUHmm4xyX87

Die groep waarop ons graag wil fokus daar is jongmense (graad 4-10). Indien jy graag wil saamgaan, gesels gerus met Dinant.

Ons gaan ook nog 'n voertuig of 2 benodig, so praat gerus met Dinant as jy hiermee kan help! Hou hierdie spasie dop vir verdere inligting! Neels de Waal het ons onlangs ingelig oor hulle bedrywighede en projekte. Indien iemand met hom wil kontak maak,sy e-posadres is corneliusdewaal@gmail.com

LIEF & LEED

- Tannie Irene en oom Frans Myburgh is 'n agterkleinkind ryker.
- Lea Ter Haar het 'n noue ontkoming met haar voertuig gehad.
- Tannie Louis van der Vyver se seun het 'n hartaanval gehad.

KEN MEKAAR: TANNIE MIRIAM BARNARD

(NOOI VENTER)

Tannie Miriam is amper 90 jaar gelede in Uitenhage gebore.

Die gemeente ken haar as ’n meelewende vrou wat ’n stil getuienis van ’n vaste en sekere geloof uitleef. Sy is ’n innemende, mensliewende, positiewe mens, gesels rustig en onderhoudend en het ’n wye algemene kennis, want sy lees graag en kyk besprekingsprogamme op TV. In die huidige grendeltyd mis sy die samesyn in die kerk en verlang sy na haar kerkvriende wat sy gereeld besoek het. Deur haar lewe het sy altyd in kore gesing, maar grendeltyd kortwiek dit ook.

Tussen werk en kinders grootmaak het sy baie stokperdjies gehad: Peuterwerk, rottangwerk, hoedemakery en kunsnaaldwerk. Sy het baie naaldwerk in haar lewe gedoen en selfs haar eie trourok gemaak. Die teater was altyd vir haar heerlike ontspanning.

Tannie Miriam het al baie rondgereis - saam met haar oorlede man en ook op haar eie. Sy het al dwarsdeur Europa getoer, ook in Israel, Skotland en Ierland. Sy wou graag nog na Rusland, Noorweë en Swede gegaan het, maar nou kyk sy reisprogramme op TV.

Haar pa was ‘n onderwyser. Hy het saam met die argitek, Moerdyk, die Gereformeerde kerk in Kroonstad ontwerp toe hulle daar gebly het. Hy het ook die Gereformeerde kerk in Oudtshoorn help vestig, baie met die bouwerk gehelp, al die houtwerk aan die kerk gedoen en die hoeksteen gelê.

ouderdom. Daarna is haar drie boeties gebore. Sy het hulle help grootmaak. Wou graag ‘n sussie hê en het selfs vir die jongste ‘n wit rokkie gebrei in die hoop dat dit ‘n dogtertjie sou wees!

Na baie rondtrekkery matrikuleer sy in 1949 in Oudtshoorn. Haar ma het gaan werk sodat sy en haar boeties Universiteit toe kon gaan.

.....vervolg op volgende bladsy

.....vervolg van volgende bladsy

Kosbare herinneringe is hoe sy as klein dogtertjie in Knysna agter hulle huis by ’n riviertjie gespeel en gedroom het van feetjies en elfies. Sy was alleenkind tot 10-jarige ouderdom. Daarna is haar drie boeties gebore. Sy het hulle help grootmaak. Wou graag ‘n sussie hê en het selfs vir die jongste ‘n wit rokkie gebrei in die hoop dat dit ‘n dogtertjie sou wees!

Dié het sy toe na die geboorte behendig in ’n seunspakkie verander! Sy dink ook terug aan moeilike tye met die Eerste Wêreldoorlog en hoe min voorrade daar beskikbaar was. Haar ma moes bv. ‘n sykous vir ‘n sif gebruik. Ook hoe haar onderwyseres se verloofde skielik geïnterneer is en die hartseer wat daarmee gepaard gegaan het. Tussen alles deur het sy goeie vriende gehad, netbal gespeel en ‘n paar klavier-eksamens afgelê. As student en later het tannie Miriam pluimbal gespeel. Tot haar troue het sy Volkspele gespeel en by die Jan van Riebeeck-fees in 1952 opgetree.

Haar oudste broer was ‘n onderwyser en later regisseur van die SAUK se omgewingsbewustheidsprogram 50-50. Haar tweede broer het politieke reg by die Afrika-Instituut gedoen. Die jongste is as ’n prokureur gekwalifiseer en het vir Buitelandse Sake gewerk. Tannie Miriam vra die gemeente se voorbidding want het ’n ernstige, onbekende siekte en is al so swak dat hy in ’n rystoel is.

Tannie Miriam het haar in 1952 as maatskaplike werker in Stellenbosch bekwaam. Sy het in Epping(vandag Ruiterwacht) en later by Karl Bremer hospitaal gewerk. Sy sê sy het haar werk geniet, maar daar is so baie hartseer, amper soos in ‘n predikant se werk. Sy was aktief betrokke by die JV. Sy vertel hoe hulle Vroueverenigingeld ingesamel het vir die bou van die Gereformeerde Kerk in Bellville.

Op Bellville, in 1964, is tannie Miriam met ’n wewenaar getroud wat 4 kinders gehad het. Sy het die 4-jarige dogtertjie en 3 seuns wat in standerd 3,6 en 7 was, grootgemaak. Die oudste seun is vandag ‘n afgetrede mediese dokter in Somersetwes, die tweede oudste ’n afgetrede argitek in Pretoria en die derde ’n advokaat in die Kaap. Die dogter het ’n BSc-graad, bly in Durbanville en help haar man in sy besigheid. Tannie Miriam en haar man het daarna nog saam 2 seuns gehad.

.....vervolg op volgende bladsy



……vervolg van volgende bladsy

Die oudste is ‘n rekenmeester in die Strand en die jongste bly in Engeland. Hy was ‘n professionele tennisspeler met ‘n Bcomm-graad en het ’n boek oor tennis uitgegee. Tans is hy ’n tennis-afrigter en gee klas in “life-coaching”. Sy sou so graag meer kontak met sy drie kinders wou hê! Sy oudste dogter is al verloof en die tweeling-seuns is in graad 10.

Daar is 12 kleinkinders en 13 agter-kleinkinders. Die oudste kleinkind is 44 jaar oud en die jongste agter-kleinkind is 5. Drie van haar kleinkinders bly naby. Twee studeer in Stellenbosch en Kaapstad en die ander een is ’n internis in Somerset Wes se Medikliniek. Haar een kleindogter het ’n uitsonderlike sangtalent. Luister op Youtube haar videos onder die naam Deidré Barnard.

Deidré sê: Dis vir my altyd die lekkerste ding om met my ouma te kuier. My ouma is die onbaatsugste mens wat ek ken. Sy is seker een van die op-en-wakkerste 90-jariges wat daar is. Nou die dag wou sy sélf ’n plant met ’n pik uitkap! Sy woon op haar eie, weet van Wi-Fi, stuur e-posse en maak ‘video-calls’. Oe! en niks is beter as haar mieliepap, plaatkoekies, pannekoek en melkkos nie! Sy sê nooit ’n slegte word van iemand anders nie en het ons leer vergewe.. Haar lekker lag is vir my een van die kosbaarste ‘mental images’ wat ek van my ouma het. My ouma se uitrustings is altyd ‘ge-colourcode’. Mag ek eendag so wys, passievol en lus vir die lewe soos my ouma Miriam wees!

Van 1955-2003 het tannie Miriam in Belville gewoon. Haar man is in 1993 oorlede. In 2003 het tannie Miriam vir haar ’n huis in die Strand gekoop om kleinkinders te help oppas. Sy is altyd besig om haar finansies aan te vul. Vir 11 jaar het sy een dag per week by Streamline Gutters gewerk. Sy het ook al ’n vrou wat siek was opgepas, taxi gery in die Strand en lekkergoed vir kinderpartytjies gemaak. Sy is nou nog ’n Sportron-agent en is in beheer van twee vakansie-woonstelle wat uitverhuur word.

……vervolg op volgende bladsy

……vervolg van volgende bladsy

Tannie Miriam mis die kerk- en werksvriende wat sy in Bellville gehad het. Sy het ook ’n baie goeie skoolvriendin aan die dood afgestaan en haar goeie universiteits-vriendin het Alzheimers. Sy het ook nie meer kontak met haar Duitse penvriendin wat sy van matriek af het nie. Hulle het deur die jare oor-en-weer gekuier en goeie vriende geword, maar sy het verlede jaar in April laas op haar verjaarsdag met haar gepraat. Sy het gebel en ge-epos, maar kry nie antwoord nie. Tog het tannie Miriam ’n skatkis vol herinneringe en is haar lewe vol. Sy sê dankie vir elke dag…en wonder partykeer of sy een van haar kleinkinders sal sien trou…

NUWE-AFRIKAANSE BYBELS

Die 2020 Afrikaanse vertaling van die Bybel is verlede jaar bekend gestel. Aanvanklik was net die gewone drukbeskikbaar, maar van middle September af sal die grootdruk ook beskikbaar wees. Die Bybels kan aanlyn bestel word of by die kerkkantoor.

BESKRYWING	**PRYS**
AFR 2020 volledig, **medium**, swart hardeband	R109
AFR 2020 volledig, **medium**, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R329
AFR 2020 volledig, hoofletteruitgawe, **mediumgrootte**, swart hardeband	R109
AFR 2020 volledig, hoofletteruitgawe, **mediumgrootte**, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R329
AFR 2020 volledig met Deuterokanonieke boeke, **mediumgrootte**, volkleur hardeband	R229
AFRIKAANS 2020 volledige Bybel met Deuterokanonieke boeke, **mediumgrootte**, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R389
AFRIKAANS 2020 volledige Bybel, **grootdruk**, swart hardeband	R349
AFRIKAANS 2020 volledige Bybel, **grootdruk**, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R499

HOOP VIR KINDERS SA: OPLEIDING

Kinderbediening in STRAND omgewing, skole, kerke en gemeenskap.

Toerusting vir volwasse leiers aangebied deur Evangelism Explosion SA

Uitstekende toerusting vir ons ouer-gemeenskap **asook kinderbediening-personeel!**

INSKRYWINGS NOU OOP—MOENIE UITMIS NIE

Goeie Nuus!

Hoop vir Kinders SA
STRAND
Kinder– en Skolebediening
Toerusting Sertifikaat vir Fasiliteerders
15-17 Oktober 2021 na-ure
Begin: Vrydag 17.00-21.00 / Sat. 08.30-16.00 Son 11.00-16.00
NG Kerk Lourensrivier-Strand
H/v Broadway & Da Gama
Alle Kerke en Instansies welkom!
Inskrywings: Karin 083 643 0653

Die Evangelie van Jesus Christus helder en duidelik aan elke kind van hierdie geslag!
Dit is elke kind se reg en God se liefdevolle opdrag aan ons.

Jy en jou kinderbedieningspan word hartlik uitgenooi na **HOOP VIR KINDERS** se opwindende, nuwe generasie toerusting vir aan-die-brand kinderbedienings.

Neem standpunt in vir die belangrikstes in God se Koninkryk in 'n tyd soos hierdie!

By hierdie werkwinkel word fasiliteerders vir die **Kerklike** en **Laerskoolbedieninge** in STRAND en omgewing toegerus.

HOOP VIR KINDERS SA rus jaarliks ongeveer 30 000 kinders toe as dissipelmakers. Dit bied jou:

😊Vars en opwindende kinderbedieningsprosesse vir skool en kerk;

😊Opleiding van jou kinder-personeel wat fokus op die Koninkryk van God;

😊 Geskikte en toepaslike toerusting wat maklik aanpas by jou eie lesmateriaal;

😊Gratis toerusting en materiaalreekse vir skole en kerke;

😊Internasionale akkreditasie sertifikaat.

😊Ondersteuning van die internasionale netwerk van ***EVANGELISM EXPLOSION***.

Jy en jou bedieningspan word spesiaal uitgenooi om hierdie werkwinkel by te woon.

Wie word toegerus?

- Onderwysers, kategete, ouers, grootouers en elke persoon wat met die bediening van die evangelie aan kinders in hul gemeenskap wil belê.
- **Reëlings en Kostes: Vry. 17.00-21.00** / Saterdag 08.30-16.00 / Sondag 11.00-17.00 .
- `n Hartlike, persoonlike liefdesoffer word gevra vir etes en ook om behoewende studente te ondersteun. Almal welkom.
- Bevestig u plek en getalle nie later nie as **Woensdag 13 Oktober 2021** by:

Karin 083 643 0653 /

EE SA Dina 071 225 2629

ONDERSTEUN ONS LIDMATE!

Gekwalifiseerde versorger beskikbaar Maandae tot Vrydae 08:00 - 16:00
Sandra
079 885 4623

vvvvvvvvvvv

Algemene konstruksie- en bouwerk. Kontak Coen Brah 064 905 5470.

vvvvvvvvvvv

Avroy Shlain Skoonheidsprodukte
Sanet Grönum
082 381 8854

vvvvvvvvvvv

Ek verskaf, en is 'n invoerder van mediese toerusting en gebruiksitems. Kontak ***Erica Versteegh*** ***by 021 856 3714 of erica@erimed.co.za***

vvvvvvvvvvv

Vir rommel- en vullisverwydering, of vervoer van meubels, kontak: ***Fanie Maritz***

0730228060

vvvvvvvvvvv

Vir die eko-vriendelike was van vensters tuis of besighede, kontak
Godfrey Korb
076 046 2666.

Kontak ***Miriam Barnard*** *vir natuurlike gesondheids-produkte, Sportron Ascendis en handgemaakte produkte bv. tafelmatjies, inkopiesakke ens.*
083 744 6886

vvvvvvvvvvv

Vir beter kennis oor grondgeskiktheid en doeltreffende besproeiing in jou tuin, kontak gerus vir ***Giel Streuderst*** ***MSc. (Agric.) by 082 388 0064.***

vvvvvvvvvvv

Kom leer om jou eie Tiffany lampe te maak asook vensters en deure! Kontak ***Jetty Salomons*** ***op 082 320 6577 of 021 856 0736.***

vvvvvvvvvvv

Bioway MULTI Insect and Dustmite KILLER maak alle koudbloedige insekte, larwes en eiers dood !
Natuurlike produk, Veilig vir mense en troeteldiere.
Salome Kruger
072 591 2667

vvvvvvvvvvv

Gratis finansiele dien-ste , gratis testamente , besparing op maande-likse versekerings uit-gawes asook die beskerming van fondse. Skakel vir Jannie Grimbeek 082 882 3638 of epos jannie@dfmutual.co.za

Kontak gerus vir ***Hermie*** *as jy 'n ou teddiebeer wil laat regdokter*
083 300 8999

vvvvvvvvvvv

Vir Aluminiumgeute en afvoerpype skakel vir
Hugh of Hermie Michler
083 300 8999

vvvvvvvvvvv

Vir enige elektriese herstelwerk of installasies, kontak ***Mossie Mostert***
072 910 8244

vvvvvvvvvvv

Kontak Gerrit Earle vir enige staal- en sweiswerk en die oprig van Wendy-huise. Hy kan ook klein vragte vervoer.
Kontak Gerrit by
073 654 4345

vvvvvvvvvvv

Vermy enkelgebruik plastiek items. Kontak my vir Eko-vriendelike produkte: Herbruikbare Katoen Groentesakkies en Inkopiesakke, asook Bamboes Tandeborsels en Bamboes Strooitjies ens.
Karen Versteegh
0827676833 of besoek https://hug-tree.co.za/

vvvvvvvvvvv

Stringligte te huur, skakel die Kerkkantoor
021 854 4584